**10 November** **Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13**

## Die gawes van die Gees (2)

Daar is seker geen gelowige (veral vroue) wat hierdie lied oor die liefde nie baie goed ken nie. Tog let baie min mense op die konteks waarin dit staan, naamlik in die sentrum van die drie hoofstukke oor God se genadegawes (12-14). In die destydse skryfstyl het mens jou hoofsaak in die middel van jou brief geplaas. Dit is dus die fokuspunt van hoofstukke 12-14: LIEFDE (Grieks: agape = liefde ten spyte van) is die hart, die belangrikste, die vorstin onder al die ander gawes van die Gees aan gelowiges. Trouens, al die ander is sonder die liefde sinloos, leeg en lawaaierig (verse 1-3) want liefde is nie selfsugtig, selfvoldaan, spoggerig en jaloers nie (verse 4-7).

Die tweede Bybeltoets vir die “charismatiese” Christene is die vraag: Het julle my ook lief ten spyte van ons verskille? Natuurlik geld die toets eweseer vir ons “tradisionele” Christene : Skinder jy net van die “happy clappies” of het jy hulle lief?

Daar is nog twee redes waarom liefde die ander genadegawe oortref: Agape is onverganklik, terwyl die ander uitgedien raak (verse 8-10) en agape is die teken van geloofsvolwassenheid, terwyl die ander maklik kinderagtigheid verraai (vers 11).

Hierdie “liefde ten spyte van” is seker vir sondaars net so moeilik om te gee as onvoorwaardelike vergiffenis. Trouens, dit gebeur slegs wanneer Jesus se onvoorwaardelike liefde en vergiffenis deur sy Gees in jou geloofsare vloei.

Sing: Skrifberyming 21:4,5 Ds J Botha (Laeveld)